ONS NUUSBRIEF

GEREFORMEERDE KERK BLOEMFONTEIN-NOORD

29 NOVEMBER 2026 **Nr 48**

Predikant:	*Ds Kobus Botha* 051 436 2930/082 410 7447	**Skriba/ Koster:**	*Pieter du Plessis* 082 570 1804
Orrelis:	*Louri Coetzee* 083 776 6989	**Kerkkantoor:**	051 436 2932/082 570 1804
Diakonie:	Voorsitter: *Muller Heyns* 072 469 7778	**Kantoorure:**	Per afspraak
Susters:	Voorsitter: *Ester Botha* 072 784 9451	**Posadres:**	Posbus 28182, DANHOF 9310
Katkisasie:	*Karien van Rooyen* 079 888 8910	**E-posadres**	kantoor@gkbfnnoord.co.za
Lesotho Uitreik/ Evangelisasie:	*Kerkkantoor* 082 570 1804	**Webwerf:**	www.gkbfnnoord.co.za
		Facebook:	https://web.facebook.com/gkbfnnoord
		Kassier:	*Mariza Mosca* 082 405 8565
		Kerk:	ABSA (632005) Tjekrek no 1570 340 065
		Diakonie:	ABSA (632005) Tjekrek no 0470 280 026
Zapper-kode vir kerklike bydraes:		**Sustershulpdiens:**	ABSA (632005) Tjekrek no 0470 341 769 of CAPITEC (470010) Tjekrek no 260 552 7731

VERJAARSDAE

Die volgende lidmate verjaar gedurende hierdie week. Baie hartlik geluk! Ontvang ons allerbeste seënwense vir die nuwe lewensjaar!

29 Nov: Sr Trix de Bruin	073 238 3783	02 Des: Sr Magda Rossouw	064 457 8372
30 Nov: Sr Geert Mosca	082 826 3378	03 Des: Sr Marlise Venter	083 287 3878
30 Nov: Wihan Loretz	082 930 5590	04 Des: Sr Joey Pretorius	084 580 4900
01 Des: Sr Emmarentia van der Bijl	082 339 4312	05 Des: Sr Hannetjie van der Walt	051 431 8128
01 Des: Sr Hester van den Berg	076 145 1815	05 Des: Sr Joey Jurgens	072 272 2510

EREDIENSTE TYDENS DIE SKOOLVAKANSIE

Ds Kobus sal DV al die eredienste tydens die skoolvakansie waarneem aangesien hy en ***sr Ester*** met "Jan Tuisbly" se karretjie ry! Indien alles volgens plan verloop, kom hulle seun Nico en dogter Marisa saam met hulle gesinne hier kuier en gaan die twee kleinkinders, Esti en Helet, dan ook gedoop word. Dit is vir ds Kobus 'n besonderse voorreg en ons wens hulle almal byvoorbaat van harte geluk!

KOLLEKTES

Die kollekte onder die erediens word soos gewoonlik opgeneem vir die Diakonie se ***Kas van Barmhartigheid*** terwyl die kollekte by die deure bestem is vir die GKSA se ***Emeritaats-fonds***.

GEMEENTEBOU

Gemeentebou bestaan nie net uit woordverkondiging nie. Daar is baie aspekte van gemeentebou. Boustene is onder andere [1]gemeenskap van gelowiges en [2]diens aan mekaar. Daar is bestaande aksies en nuwe aksies in ons gemeente wat ons graag onder u aandag wil bring.

Gemeentebou aksies:

1. *Ekstra Wiskunde klasse : Geert Mosca – 082 826 3378*
    a. Enige kind in ons gemeente is welkom om gratis wiskunde klas te neem op Vrydae – kontak gerus vir Geert om 'n afspraak te maak.
2. *Gemeenskap projek - Beudene (gestremdes):*
   Nerina Venter – 082 884 4465
    a. Woordverkondiging en gewyde sang op Donderdae.
3. *Gemeenskapsprojek - Sewe Damme (bejaardes):*
   Nerina Venter – 082 884 4465
    a. Besoek bejaardes, speel speletjies en spandeer tyd saam met die mense.
4. *Koor : Louri Coetzee – 083 776 6989*
    a. Die doel van die koor is om God te loof en prys met sang.
6. *Klank & Beeld : Francois Venter – 082 229 4411*
    a. Vir baie jare doen Francois getrou die klank en beeld in die kerk.
    b. Daar is geleentheid om 'n bydrae te maak en hom te help met die taak. Enige persoon wat graag sal wil help kan vir Francois kontak.

Laat weet asseblief vir oudl Erik van Driel by 083 287 1047 indien iemand reeds met aktiwiteite besig is of met iets nuuts wil begin of graag wil inskakel en 'n bydrae wil lewer. Saam bou ons aan die koninkryk van God.

Pitkos:

Hebreërs 13 vers 5: Hou julle lewe vry van geldgierigheid; wees tevrede met wat julle het. God het self gesê : Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie."

Verstaan ons God se belofte/"commitment" teenoor ons? As ons 'n materialistiese gesindheid het en sekuriteit vind in geld of bates, sê ons eintlik ons vetrou nie dat God vir ons sal of kan sorg nie.

Wees tevrede met wat jy het, woeker met wat jy ontvang, maar vertrou op God ten alle tye dat Hy vir jou sal voorsien.

KERKLIKE ADMINISTRASIE

Beroepe ontvang:

- Proponent R (Rynhardt) Landman na GK Nelspruit as medeleraar.
- Proponent R (Rynhardt) Landman na die Gereformeerde Gemeenskapskerk Oshakati in Namibië.

HULP WORD GEVRA BY BEGRAFNISSE

Sr Ester Botha versoek dat susters wat bereid is om hulp te verleen tydens begrafnisse, haar asseblief sal kontak by 072 784 9451. Dit behels die verskaffing van eetgoed, bv. 'n bord toebroodjies, voorbereiding van die saal en opruiming daarna. Ons doen 'n vriendelike beroep op diegene vir wie dit moontlik is, om hulle hulp aan te bied.

BELANGRIKE DATUMS IN DIE KWARTAAL

Sondag 29 November	Nabetragtingsdiens
	Kerssangdiens
Woensdag 09 Desember	Skole sluit
Woensdag 16 Desember	Versoeningsdag - Geloftediens om 09:00
Vrydag 25 Desember	Kersdag – Erediens om 09:00

DIAKONIE
HELP MET
VERVOER

Vir enige kerk-verwante geleenthede en indien jy hulp benodig.



Indien jy enige probleme met vervoer ervaar, kontak asb Muller Heyns op 072 469 7778.

KLERE
DONASIES

Enige donasies word verwelkom en kan Sondae by die kerk se voorportaal afgelaai word.



BLOEMFONTEIN NOORD GEREFORMEERDE KERK DIAKONIE
IN SAMEWERKING MET ANCHOR OF HOPE

Enige navrae:
Elize Heyns 082 868 1620

LITURGIE TYDENS EREDIENS

Skriflesing : Filippense 2:1-11
Teks : Filippense 2:5
Sang : Lb 203:1,2,3
: Ps 118:1,2
: Ps 25:2,3
: Ps 33:5,6
: Sb 19-3:1,2,3,

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Die Here is my rots, my skuilplek en my redder, my God, my rots, by wie ek skuil, my skild en sterk verlosser, my veilige vesting.
Psalm 18:3





- **GKV Hulpfonds ABSA Spaar 906 446 3273 Kode 632005**
- **https://pay.yoco.com/gkv-hulpsentrum**

https://www.facebook.com/share/1BhxAtkuJ2/?mibextid=wwXIfr



Jongste nuus oor sr Chrissie Coetzee se agterkleindogter.



Ons jaarlikse Kerssangdiens gelei deur ds Kobus word vanaand om 18:00 in ons kerkgebou gehou. Daar gaan na die diens lekker gesellig saam gekuier word in die Wikus Vorster Saal waar ligte verversings geniet kan word. Ons bedank die Susters van harte vir die reëlings. U is baie welkom om u familie en vriende saam te bring!



ROLBALAAND onder die ligte
Gereformeerde Kerk Bfn-Noord

Datum: 29 Januarie 2027
Tyd: 16:00 tot laat
Plek: Oud Studente
Koste: R600 per span van 4
Braaipakke beskikbaar
Kontantkroeg beskikbaar - ondersteun hulle asb.

Kontakpersone:
Francois 082 796 7196
Louis 082 651 0001



Stellenbosch Studente kamp 2027

26-28 Februarie

R 245



Gereformeerde Studente van Stellenbosch

Inskrywing & Navrae:
Johan van Heyningen
jvh@gkstellenbosch.co,za, 082-929-1733

Jou reis as student begin hier!!

Dankie dat jy belê in die toekoms van ons kinders met spesiale onderwysbehoeftes!



www.toibo.org.za

TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS
NPO 001-597 PBO 130001311

Maak kinderharte bly met 'n skenking van skoolbenodigdhede soos skooltasse en skryfbehoeftes vir wanneer die skole heropen.





Transoranje Instituut
ABSA tjekrekening nr 020 840 145
Verwysing: Naam & BTS

info@toibo.org. za Tel: 076 143 6961